2012 TEMA-AANKONDIGING

16 DAYS OF ACTIVISM AGAINST GENDER VIOLENCE
16 DÍAS DE ACTIVISMO CONTRA LA VIOLENCIA DE GÉNERO
16 JOURS D'ACTIVISME CONTRE LA VIOLENCE DE GENRE
25 NOV - 10 DEC http://16dayscwgl.rutgers.edu

16 DAE VAN AKTIVISME TEEN VROUEGEWELD

Van Vrede in die Huis tot Wêreldvrede
Laat ons die Militarisme uitdaag en 'n einde bring aan Geweld teen Vroue!

Die 2012 Tema van die Veldtog sal weereens dieselfde wees as die afgelope paar jaar se tema: **Van Vrede in die Huis tot Wêreldvrede: Laat ons die Militarisme uitdaag en 'n einde bring aan Geweld teen Vroue!** Die 2012 tema gaan vir die derde opeenvolgende jaar van aktivisme teen geslagsgeweld en militarisme gebruik word. Die "Center for Women's Global Leadership (CWGL), die wêreldko-ordineerder van hierdie veldtog het met behulp van die terugvoering van deelnemende organisasies en individue besluit om weereens hierdie tema te gebruik. Die doel hiervan is om te verseker dat organisasies en individue die militarisme aanspreek en so ook verseker dat gevestigde sosio-ekonomiese strukture wat geslagsgeweld verleng, aangespreek word.

Militarisme bly steeds die hoofoorsaak van geweld teen vroue. Die ideologie van militarisme is gebasseer op vrees. Militarsime gebruik geslagsgeweld om verskille op te los, vrede te bewerkstellig en ook op ekonomiese en politieke aansprake te beveilig. Die gevolge van militarisme het n uiters diepgaande invloed op die materiële, institusionele, kulturele en psigiese aspekte van die gemeenskappe wat geraak word deur militêre magte. Hierdie militêre geweld het ernstige nagevolge vir die veilgheid en sekuriteite van n gemeenskap in sy totaliteit. Van seksuele geweld in hierdie konflik geteisterde area tot die oorvloed waarmee speelgoed gewere versprei word, bepaal die wyse waarop vroue, mans, familie, bure, die publieke lewe asook sekere lande deur hierdie gemeenskap ervaar word.[1]

Gedurende 2011 het n gesaghebbende groep 5 prioriteitsareas geidentifiseer wat voortgespruit het uit die tema van die jaar. Hierdie is: (i) Politieke geweld teen vroue; (ii) Die verspreiding van ligte wapens en die rol van hierdie ligte wapens in huishoudelike geweld; (iii) Seksuele geweld gedurende en na konflikte; (iv) Die rol wat staatsinstansies speel in die pleeg van seksuele en geslagsgweld; (v) Die skakel van vroue-, vredes- en humanitêre regte organisasies tussen die militarisme en geweld teen vroue.

Gebasseer op die terugvoering van deelnemers gedurende die 2011 16 Dae Veldtog,[2] sal daar gedurende die 2012 16 Dae Veldtog klem gelê word op drie van die vyf areas:

1. **Die rol van Staatsinstansies:** Regerings en instansies gebruik geweld om hulle politieke en ideologiese doelwitte te bereik deur sogenaamde "staatsveiligheid" geweld en intimidasie as veiligheidsmaatreëls te gebruik. Dit is gebruiklik vir sommige militariste in masposisies om geweldsmisdade te pleeg onder die dekmantel van staatsveilgiheid waarvan hulle later kwytgeskeld sal word. Gedurende hierdie militaristiese tydperke is daar verhoogde getalle dreigmente deur die polisie teenoor vroue wat geweld aanmeld, permanente intimidasie en teistering, gedwonge maagdelike toetse wat uitgevoer word op vroulike protesteerders, en geweld teen vroue wat woon en werk in die nabyheid van militêre kampe. Vroue vrywilliger werkers wat hulle beywer vir die verbetering van politikieke, ekonomiese, kulturele, siviele en sosiale regte en van organisasies wat werk vir die beskerming van vroueregte, word ook erg geteister. Die gebrek aan die staat se verantwoordelikheid en die onvermoë om die oortreders van seksuele en geslagsgeweld te vervolg bly steeds n reuse uitdaging om die militarisme wêreldwyd te beëindig.

2. **Huishoudelike geweld en die Rol van Ligte wapens:** Alhoewel Vroue-organisasies wêreldwyd alreeds jare lank aan huishoudelike geweld werk, bly dit steeds 'n realiteit waarmee vroue elke dag gekonfronteer word. Dit word bereken dat die meerderheid van vroue wêreldwyd gedurende een of ander stadium in hulle lewens gebuk sal gaan onder geweld deur n intieme metgesel of 'n eggenoot.[3] Hierdie geweld word vererger deur die teenwoordigheid van ligte wapens soos bv 'n handwapen of panga, of wapens wat in die huis is en wat teen hierdie vroue en kinders gebruik kan word om hulle mee te dreig, te beseer of te vermoor. **Hierdie ligte wapens vergemaklik nie net die gebruik van geweld teen vroue nie, maar dit vererger wreedheid in mans.** Ongeag die konteks

(vredessituasie of n konfliksituasie), die teenwoordgiheid van wapens, het altyd dieselfde gevolg: **hoe meer wapens, hoe groter die gevaar vir vroue.** Daarom sal daar in 2012 voortgegaan word om die wapenhandel te ondersoek, asook die oorvloedigheid van hierdie handel en die rol wat wapens speel in die verlenging van geweld teen vroue in die algemeen, maar veral ook op die gebied van huishoudelike geweld. Alhoewel baie vordering reeds gemaak is, is baie vroue-organisasies steeds besig om te werk aan hierdie uitdagende en groeiende probleem.

3. **Seksuele Geweld gedurende en na 'n Konflik:** Seksuele konflik tydens konfliksituasies en ook daarna word gebruik om geslags en politieke hierargië te versterk. Dit word ook gebruik om vrees in te boesem, om vroue, hulle families en die gemeenskappe te verneder en te straf. Gedurende die afgelope jare is daar reeds baie meer aandag gevestig op hierdie misdaad, maar dit bly steeds een van die grootste hindernisse om vroue se veiligheid en her-inskakeling in 'n gemeenskap te waarborg aangesien die gevolge fisies, sielkundig en sosiaal so total afbrekend is. Die onstabiliteit en die onsekerheid wat gewapende konflik tot gevolg het, het die neiging om vrouegeweld te vererger en hierdie vorme van uiterste geweld wat noodlottig kan wees. Selfs nadat n "erkende" konflik beeïndig is, is dit moontlik dat seksuele geweld steeds in die huis en gemeenskappe kan plaasvind, veral as 'n militêre milieu agtergelaat word. **Verskeie vroue-organisasies het beklemtoon dat die kunsmatige skeiding tussen terme soos konflik en post-konflik, militaristiese geweld steeds voortduur vir vroue, ten spyte van die feit dat die formele konflik beeïndig is.**

Die 2012 16 Dae van Aktivisme Veldtog bied Vroue-organisasies die geleentheid om te besin oor die wyse waarop hulle hul onderskeie regerings en strukture verantwoordbaar kan hou wat toelaat dat geweld teen vroue voortduur. Soos gewoonlik moedig CWGL aktiviste aan om die 16 Dae van Aktivisme te gebruik en te fokus op areas van geweld wat toepaslik in hulle onderskeie lande is. Deelname aan hierdie veldtog bied nie alleen 'n geleentheid om geweld aan te spreek nie, maar ook om hierdie bewusmakings geleentheid rondom vrouegeweld ten volle te benut. Hierdie veldtog bied verder die geleentheid om hulle stemme te voeg by die van ander vroue rondom die wêreld – vroue wat nie stilbly oor geweld teen vroue nie. Geslagsgeweld is n saak wat almal se lewens op verskeie vlakke beïnvloed. Ons regerings het die verantwoordelikheid om op te tree, te beskerm en te voorkom.

Agtergrond 16 Dae van Aktivisme

Die 16 Dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld is n wêreldwye veldtog wat hulle beywer vir die beeïndiging van geweld teen vroue. Die "Centre for Women's Global Leadership" is die ko-ordineerder. Die begin en einde van die veldtog is 25ste November, die Internasionale Dag vir die Beeïndiging van Geslagsgeweld en die 10de Desember, Internasionale Menseregte Dag. Die feit dat hierdie datums gekies is, bevestig weereens dat geweld teen Vroue, 'n skending van Menseregte is. Die veldtog se sukses is te danke aan die miljoene aktiviste regoor die wêreld wat hulle beywer vir die beeïndiging van geweld teen vroue.[4]

2012 "Neem Aksie" Hulpmiddels

CWGL is tans besig om vir 'n 2012 "Neem Aksie" Hulpmiddels te ontwerp wat deelnemers gaan help om hulle 16 Dae Veldtog te organiseer. Die hulpmiddels sal in verskeie tale beskikbaar wees. Deelnemers kan die webblad (http://16dayscwgl.rutgers.edu) besoek om die materiaal op rekenaar af te laai of om die materiaal aan te vra. Teken ook alle veldtogaktiwiteite op die web aan by die Veldtogkalender! Baie dankie (Stel voor dat dit in Engels gedoen word)!

Hoe om Betrokke te Bly en Meer te Leer

- Die Amptelike 16 Dae Veldtog Webblad: http://16dayscwgl.rutgers.edu
- Pos en soek aktiwiteite: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar
- Sluit aan by die 16 Dae besprekings: https://email.rutgers.edu/mailman/listinfo/16days_discussion
- Facebook: http://www.facebook.com/16DaysCampaign
- Flickr: http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign
- Twitter: https://twitter.com/#!/CWGL_Rutgers
- 16 Days Twitter hashtag: #16days
- YouTube: http://www.youtube.com/user/CWGLRutgers
- Epos! 16days@cwgl.rutgers.edu

Translated by Petro Nel, Democratic Alliance Women's Network

[1] Center for Women's Global Leadership. 2011. "Intersections of Violence Against Women and Militarism Meeting Report." http://www.cwgl.rutgers.edu/resources/publications/gender-based-violence/388-intersections-of-violence-against-women-and-militarism-meeting-report-2011.

[2] Center for Women's Global Leadership. 2012. "16 Days of Activism Against Gender Violence: Analytical Summary." http://16dayscwgl.rutgers.edu/previous-years/2011/16-days-analytical-summary-2011.

[3] World Health Organization. 2005. "WHO Multi-Country Study on Women's Health and Domestic Violence against Women: Initial Results on Prevalence, Health Outcomes and Women's Responses." http://www.who.int/gender/violence/who_multicountry_study.

[4] Center for Women's Global Leadership. 2012. "16 Days of Activism Against Gender Violence: Analytical Summary." http://16dayscwgl.rutgers.edu/previous-years/2011/16-days-analytical-summary-2011.